

SUNStudent Bloudrukwerkswinkels sorg vir groot opwinding en interessante gesprekvoering

Die SUNStudent Bloudrukwerkswinkels vir die Mandjie 2-besigheidsareas wat bestaan uit finansiële ondersteuning (beurse), studentegelde en studenteleninge het plaasgevind vanaf Maandag 12 Augustus tot Vrydag 23 Augustus. Hierdie werksinkels het afgeskop met die gebruiklike "springmielies en demonstrasie"-sessies gevolg deur baie insiggewende gesprekke tussen Serosoft en die US-belanghebbende wat die werksinkels bygewoon het. Die werksinkels was soos dié van Mandjie 1 weer eens uitstekend beplan deur Jan du Toit en sy span en, soos altyd, het die deelnemers ook Sid Badjatiya van Serosoft se interaktiewe fasilitering baie geniet.

Die US-gebruikers het in verwondering gestaan oor Serosoft se kennis van die besigheidareas wat hanteer is. Hulle het veral die globale uitkyk en inligting oor beste praktyke wêreldwyd baie interessant gevind.

Die verskeie besigheidsareas is in die fynste besonderhede bespreek. Sid Badjatiya en sy span van Serosoft, Hitesh Gawhade en Ankur Jain, het seker gemaak dat hulle die Universiteit se prosesse deeglik verstaan. Deeglik voorbereiding en kritiese vrae deur Serosoft het bygedra om hul begrip van die huidige US-prosesse te versterk.

Die bloudrukwerkswinkels gee aan die Universiteit Stellenbosch die geleentheid om innoverend te dink en met nuwe oë na sekere gevestigde prosesse te kyk. Die afgevaardigdes het die onderlinge deel van kennis tussen die verskillende omgewings binne die Universiteit – wat fakulteite en professionele en steundienste ingesluit het – veral baie insiggewend gevind.



Die uitkoms van die Bloudrukwerkswinkels is 'n bloudrukdokument wat deur Serosoft saamgestel word en dan aan die Universiteit beskikbaar gemaak word vir verdere bestudering en verifiëring. Die dokumente vir Mandjie 1 se Bloudrukwerkswinkels is reeds beskikbaar gestel en die verifiëringsproses is reeds goed onderweg. Besonderhede oor die proses vir die finale goedkeuring en afteken van die Bloudrukdokumentasie sal binnekort beskikbaar gemaak word op die SUNStudent-webblad.

Gedurende die Bloudrukwerkswinkels word baie punte uitgelig vir verdere bespreking en besluitneming. Hierdie punte word genotuleer en na die SUNStudent Projekkomitee verwys om te hanteer. Enige punte wat verdere bespreking, uitsluitel en/of bestuursbesluitneming vereis, word dan na die SUNStudent Stuurkomitee verwys vir die nodige aandag of verdere eskalasie na die toepaslike besluitnemingsliggaam waar nodig.

Wat gebeur volgende op die SUNStudent projek?

- Mandjie 3 se Bloudrukwerkswinkels vind plaas vanaf Maandag 7 Oktober tot Vrydag 18 Oktober **(volledige skedule onder)**
- Veranderingsbestuursessies ter voorbereiding van dié Bloudrukwerkswinkels word in die week van 1 Oktober gehou vir diegene wat nog nie vantevore hierdie sessies bygewoon het nie. Belangrike inligting rakende die Bloudrukwerkswinkels word hier met almal gedeel.
- Kommunikasie oor en uitnodigings na die veranderingsbestuursessies, asook na die Bloudrukwerkswinkels sal eersdaags aan belanghebbendes gestuur word.

Mandjie 3 gaan die volgende besigheidsareas insluit:

- Registrasie
- Akademiese rekord-onderhoud
- Ko-kurrikulêre inligting
- Eksamenvergunnings
- Nagraadse studente-bestuur
- Program-progressie
- Hertoelating van studente
- Assessering en vaslegging van punte
- Tesisbestuur
- HEMIS
- SUN-i

Kommunikasie aan die US gemeenskap is uiterse belangrik vir die SUNStudent-span en daarom is ons baie opgewonde om aan te kondig dat 'n SUNStudent-webtuiste eersdaags beskikbaar sal wees! Julle sal kommunikasie ontvang sodra die webtuiste lewendig is.

Daar is ook heelwat vrae met betrekking tot die SUNStudent-projek wat tans gevra word. Hierdie vrae is baie belangrik en raak 'n verskeidenheid van temas aan. Die projekspan is besig om 'n "FAQ"-lys saam te stel wat ook binnekort beskikbaar gemaak sal word. Kommunikasie in dié verband sal so spoedig moontlik uitgestuur word.

Ons wil julle intussen graag aanmoedig om van die SUNStudent-eposadres gebruik te maak vir enige navrae: **sunstudent@sun.ac.za**

Ons sien baie daarna uit om julle by die Mandjie 3 Bloudrukwerkswinkels te verwelkom!

Mandjie 3 se Bloudrukwerskwinkels skedule

	08:30 - 10:00	10:30 - 12:00	13:00 - 14:30	15:00 - 16:30
Maandag, 7 Okt	Registrasie demo 1	Registrasie demo 2 (demo 1 herhaal)	Voorgaande Registrasie: Volle graad-, Spesiale-, Internasionale-, Militêre Wetenskap studente & Akademiese Rekords Onderhoud	
Dinsdag, 8 Okt	Voorgraadse Registrasie (vervolg): Volle graad-, Spesiale-, Internasionale-, Militêre Wetenskap studente & Akademiese Rekords Onderhoud			Registrasie: Universiteit Stellenbosch Internasionaal (SUI studente)
Woensdag, 9 Okt	Nagraadse Registrasie: Volle graad-, PostDok-, Internasionale studente & Akademiese Rekords Onderhoud			
Donderdag, 10 Okt	Registrasie: Besigheidskool studente & Akademiese Rekords Onderhoud		Registrasie: Kampus2 (TE) studente & Akademiese Rekords Onderhoud	
Vrydag, 11 Okt	Nagraadse Registrasie: Militêre Wetenskap-, Spesiale studente & Akademiese Rekords Onderhoud		Registrasie: Kortkursusse-, USB-Ed studente & Akademiese Rekords Onderhoud	
	Neem kennis asseblief: Bogenoemde Registrasiesessies sluit aanlyn studenteregistrasie EN admin/kantoor registrasie in.			
Naweek				
Maandag, 14 Okt	Assessering en Punte opteken			
Dinsdag, 15 Okt	Program progressie: na volgende jaar van studie		Hertoelating: Evalueer/doen aansoek vir volgende akademiese jaar	
Woensdag, 16 Okt	Kern projekspan: HEMIS, SUNi, Integrasie			
Donderdag, 17 Okt	Ko-kurikulêre inligting: versamel/opteken		Eksamen konsessies: aansoek/evalueer/impak op eksamens	
Vrydag, 18 Okt	Nagraadse Bestuur (NAO): addisionele kritiese data elemente opteken/verslaglewering		Tesis bestuur: nominasies/voorlegging/goedkeuring	
	08:30 - 10:00	10:30 - 12:00	13:00 - 14:30	15:00 - 16:30

10:00 - 10:30 Breek
12:00 - 13:00 Middagete
14:30 - 15:00 Breek